

Psalm 128 Die gesinslewe is baie belangrik vir God! Vry 21 Apr 2020

Die gesin soos wat God se bedoeling was, is baie belangrik. In hierdie Psalm lees ons van drie geslagte, ouers, kinders en oupas en oumas. Dit is so belangrik dat ons vier maal lees vd seëninge van God en daarvoor word twee verskillende Hebreeuse woorde gebruik. In v.1 lees ons...

- NAV “**Dit gaan goed** met elkeen wat die Here dien en sy wil doen.”
- OAV “**Welgeluksalig** is elkeen wat die HERE vrees, wat in sy weë wandel!
- Hebreeus “**eh'-sher** – אֲשֵׁר “ Hierdie woord kan vertaal word met geseënd, of welgeluksalig of meermale met die **woord gelukkig**.

In vers 4,5 word ‘n ander Hebreeuse woord vir seën gebruik.

Ps 128:4 Kyk, so word die man geseën wat die Here dien.

Ps 128:5 Mag die Here jou seën uit Sion, dat jy die voorspoed van Jerusalem kan aanskou al die dae van jou lewe,

Heb “bawrak - bârak” Hierdie woord word meermale gebruik wanneer God sy kinders seën.

Die pelgrims wat na Jerusalem gereis het, het gewoonlik hulle gesinne saamgeneem.

(Henriëtte Schutte (2013; Ken jy die Psalms? Deel 2 p.92) skryf die volgende oor die Psalm))

“Vir die Oosterling van die Bybelse tye, was sy vrou en baie kinders sy kosbaarste besittings en bron van lewensvreugde. Hulle moes goed versorg en veilig wees. Die gesinslewe moes “in die binneste deel van die huis”, in ‘n beskermde omgewing wees. Hier kon die kindes vry en ongeskonde opgroei en die ouers kon hulle kinders in liefde en vreugde onderrig.”

Hierdie Psalm is eintlik gerig op die hoof van die huis, die man wat ontsettend geseënd is met ‘n vrou en kinders en later word hy ‘n oupa wat sy kleinkinders kan sien.

Die Pelgrims is nou in Jerusalem.

“Sion en Jerusalem dui op die middelpunt van die kerklike en volkslewe. Hier was die verbondsark in die tempel. Pelgrims het as gesinne na die feeste gekom in Jerusalem om by die tempel geseën te word met spesiale seëninge.” (Ps 20:3) *(Schutte. 2013:93)*

Hy het die grootste dankbaarheid en seën van die Here ontvang, want hy en sy gesin is in Jerusalem, by die tempel, daar waar hulle God aanbid saam met die gelowiges en die priesters. Dit is wanneer hy gelukkig, geseënd is en die geestelike voorspoed beleef. Maar die vreugde, seën en dankbaarheid word net intens en opreg beleef, as hy die wil van die Here doen.

Dit is miskien die Here se bedoeling met die inperking dat ons weer, meer en opregte aandag aan ons vrouens, mans, kinders, gesinne en familie kan spandeer in die teenwoordigheid van God. Daarom is hierdie oordenkings wat ons hou nie maar net ‘n manier om u mee besig te hou nie, maar ‘n manier om as gesin as familie opreg saam te kom in die teenwoordigheid van God. Huisgodsdien is daarom nie maar net nog ‘n religieuse ritueel nie, maar dit is ‘n opregte saamkom om God te dien en te eer.

Maar hoe verlang ons nie ook om weer as gesinne, saam met ons groot geestelike familie, die kerk saam te mag kom op ‘n Sondag om te aanbid nie.

AMEN *(Ds. Gerrit Kruger Gereformeerde kerk Centurion. Sel 082 964 5595)*